Process Safety Beacon
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap vir bedryfspersoneel

Sponsored by CCPS Supporters

# Aanleg sekuriteit

September 2008



Ons onthou almal die aanval deur terroriste op die VSA op 11 Sept 2001. Sulke aanvalle het ook op ander plekke voorgekom, voor en na die aanvalle op New York en Washington, byvoorbeeld die Tokio moltrein stasie, London, Madrid, Bali, Indonesië, Ahmedabad, Indië, verskeie aanvalle in Rusland en lande in die midde ooste. Daar is min lande wat nie ’n ervaring gehad het van terrorisme of sabotasie nie. Die gevaarlike chemikalië waarmee ons in die chemiese nywerheid werk, maak ons ’n aantreklike teiken en vereis nougesette aandag om te verseker dat ons aanlegte nie maklike teikens is nie. Die doel is om onsself, ons medewerkers en ons bure te beskerm.

As jy in ‘n chemiese aanleg, tenkplaas of stoor werk, is jy in die beste posisie om potensiële sekuriteits probleme raak te sien en iets daaraan te doen. Soos wat jy jou werk elke dag doen, wees oplettend om probleme raak te sien. Rapporteer dit aan jou bestuur sodat dit reggestel kan word.

## Wat kan ek doen?

Gedurende jou werk het jy geleenthied om potensiële sekuriteits probleme raak te sien. Wees oplettend en rapporteer dit. Hier is ’n paar voorbeelde, en mens kan maklik ‘n lang lys van moontlike probleme opstel.

- Sekuriteitsligte wat nie werk nie.
- Gebreekte slotte en knippe aan hekke en deure in die sekuriteitsheining.
- Los hekke of hekke met groot gapings aan die onderkant.
- Gapings en gate in die sekuriteitsheining, erosie van die grond onder die heining, en plekke waar die heining te laag is.
- Bome en ander voorwerpe buite die heining wat dit moontlik maak om daar oor te klim.
- Slotte en kettings wat nie goed vas is nie.
- Deure, hekke en vensters, in die heining wat nie gereeld toegemaak word nie, of wat vassit en nie behoorlik kan toemaak nie.

Jy moet altyd die sekuriteitsreeëls nougeste nakom, byvoorbeeld:

- Dra die fabriek se identiteitskaart altyd aan jou, en as jy iemand sie sonder behoorlike identifikasie, rapporteer dit dadelik.
- Moenie ander mense toelaat om jou identiteitskaart te gebruik nie.



‘n Heining oorgroei met bosse en bome.



Motors langs die draad kan indringers help om oor te klim.



’n Slot gehaak deur die draad – nie so sterk soos ’n ketting met slot wat om ‘n sterk deel van die hek gehaak is nie.

***Aanleg sekuriteit is ons almal se verantwoordelikheid!!***

AIChE © 2008. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 212-591-7319

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Thai, Turkish, and Vietnamese.**